GEMEENTEBRIEF

Uitgawe 2
November 2008

"Hulle het hulle heelhartig toegelê"

LEES BINNE

Bedieningsbrief	2
Passie vir Christus	3
Gelowiges verwag transformasie	4
Klub 65	5
Lectio Divina	5
Stories uit die bos	6 & 7
Klema	8
Counter-chauvinisme	9
Oupa	10
Tot weersiens	11

BEDIENINGSBRIEF

Marietjie McFarlane vertel dat sy êrens gelees het van iemand wat sê dat die werk van die Here dikwels soos 'n skilpad is: dit beweeg stadig voort. Dikwels bid jy oor 'n saak, maar die Here se antwoord is soos 'n skilpad. Dit kan selfs so stadig beweeg, dat jy dit nie eers raak sien nie. In 'n stadium verander die skilpad egter, ewe skielik, in 'n vuurpyl. Die gevaar is dat ons te vroeg moeg en moedeloos raak, dat ons ophou om die Here te soek voordat die skilpad in 'n vuurpyl verander.

Dit wil lyk asof ons in die gemeente elke jaar (skynbaar tydens die winter) so 'n skilpadfase beleef. In daardie tyd voel ons gefrustreerd en sukkel ons om die Here se werk in die gemeente raak te sien. Ons raak so besig met die lewe dat ons die skilpadjie, wat rustig voortbeur, mis kyk. Ons begin kla, raak onvergenoegd en probeer selfs ons eie planne maak.

Tog verander die skilpadjie elke jaar weer in 'n vuurpyl. Die Here was die hele jaar nog besig om ons voor te berei en dinge in plek te kry vir die vuurpyl om weg te trek. Nou moet ons vashou en bo bly!

Daar het wonderlike goed gebeur rondom Passie vir Christus. Die Here gebruik hierdie bediening veral om ons aan mekaar te bind. Mense kuier heerlik saam - selfs in die voorbereiding en werk word verhoudings gebou. Hierdeur help die Here ons al meer "om met vreugde te lewe".

In ons besluitnemingsprosesse leer ons al meer om onderskeidend te werk, om nie net agendas deur te werk nie, maar om werklik te soek na die Here se wil. In elke vergadering beleef ons dat mense eerlik bereid is om te worstel, om die pad te stap totdat die skilpadjie in 'n vuurpyl verander. In die proses het die Here ook mense gebruik om meer struktuur te bring. 'n Klomp dinge het in plek begin val, leiers tree na vore en ons sien uit na die pad wat die Here verder vir ons beplan! Die gemeente se leierskap is besig om op 'n besondere manier "met liefde te dien."

In hierdie vuurpyl-fase het die leraars een Dinsdagoggend 'n aangrypende vergadering gehad, waar die Here duidelik vir ons gewys het dat ons moet fokus op geestelike groei (wat Hy daarna ook etlike kere bevestig het). Vandaar die reeks "Hulle het hulle heelhartig toegelê", asook die weeklikse Didage. As gemeente dink ons saam oor ons geestelike groei en stap ons saam die pad. Die weeklikse eredienste en gepaardgaande joernaalblaaie help ons om hierop te fokus. Woensdagaande woon bykans 80 mense 'n huweliksverrykingskursus, Bybelskool, Bly in Voeling én Lectio Divina by.

Op hierdie manier het die Here ook die tweede deel van ons visie weer op ons tafel kom plaas:
Onder leiding van die Heilige Gees verbind ons ons daartoe om:
Toenemend te lewe in 'n liefdesgemeenskap
Al meer vanuit sy Woord toegerus te word
Elkeen volgens hul gawe verantwoordelikheid te aanvaar vir dienslewering:
In die gemeente
En in die wêreld
Sodat Christus te alle tye eerste in almal en alles is.

Terwyl ons aan die vuurpyl vashou en opgewonde beleef hoe die Here in ons lewens werk, sien ons ook uit na dít wat die Here reeds op ons pad gesit het vir volgende jaar: ons wil al meer begin fokus op geestelike begeleiding, sodat "elkeen volgens hul gawe verantwoordelikheid aanvaar vir dienslewering in die gemeente en die wêreld". Ons gaan volgende kwartaal in ons eredienste fokus op Geestelike Gewoontes. Ook die Didage sal voortgaan. Hier sien ons uit na 'n volgende hoofstuk in die Bybelskool, Huweliksvoorbereiding, 'n groep wat fokus op geestelike gewoontes en Familie vir gesinne, terwyl ons hoop om steeds voort te gaan met die Huweliksverrykingskursus en Lectio Divina.

Bid saam met ons vir al hierdie inisiatiewe, vanjaar en volgende jaar. Ons bid dat die Here ons sal leer om ook in die skilpadfase te bly vashou en veral te bly hoop en glo. Mag die Here dít waartoe hy ons geroep het, elke dag al meer waar maak, sodat ons al meer kan sê:

Die gemeente van Somerstrand is 'n hawe wat mense versorg en stuur om met vreugde te lewe en met liefde te dien vanuit 'n vaste geloofsverbintenis met Jesus Christus ons Hoof.
Onder leiding van die Heilige Gees verbind ons ons daartoe om:
toenemend te lewe in 'n liefdesgemeenskap
al meer vanuit sy Woord toegerus te word
elkeen volgens hul gawe verantwoordelikheid te aanvaar vir dienslewering:
in die gemeente en
in die wêreld
sodat Christus te alle tye eerste in almal en alles is.

Rethie van Niekerk

PASSIE VIR CHRISTUS

Wat en wie is Passie vir Christus?

Dit is jy, dit is ek, dit is julle, dit is ONS! Dit is NIE 'n persoon, "hulle" of 'n komitee nie. Dit is wat op jou hart lê, dit is wat jy voel, ervaar en vir HOM wil doen, gee en lewe. Dit is samesyn. Dit is liefde gee en ontvang. Dit is vriendskappe maak, vriendskap gee en vriendskap ontvang. Dit is lag en geniet. Dit is omgee. Dit is gesellig en dit is veral lekker! Dit is gemeente waarvan ek deel is en dit is my mense.

"Passie vir Christus" is verlede jaar begin en 'n klein vlammetjie is aan die brand gesteek wat gelei het tot die groot sukses van die baksteenprojek. Maar omdat die kerk voortdurende groot finansiële verpligtinge het en die enigste bron van inkomste uit lidmate kom, het verskeie lede gevoel dat die "passie" iets is waarop die gemeente moet voortbou.

So het verskeie gemeentelede suksesvolle aktiwiteite ge-inisieer en georganiseer om nie net ons fondse aan te vul nie, maar om ook veral aan die breë behoefte van samesyn en geniet binne die gemeente te voorsien. Ons dink aan:

- Lofsangdiens en wegneemetes
- Waltonpark se kermis
- Melktert-verkope
- "Internasionale" ete en wynproe
- Padkafee
- Manne-ontbyt
- Manne-aand



Gemeentelede het spontaan na vore gekom met projekte en idees. Ons vertrou dat daar in die nuwe jaar ten minste elke maand een of ander aktiwiteit aangebied sal word.

'n Beroep word dus gedoen op alle gemeentelede, bestuurslede, selgroepe, kleingroepe, gesinne, gebedsgroepe, bedieninge, jeuggroepe, aksiegroepe, kunstenaars, musici en skrywers - of te wel 'n beroep op ek en jy - wat gedagtes en idees het om 'n lekker gemeente-aktiwiteit of -projek te loods of aan te bied, om gerus met Liésl by die kerkkantoor kontak te maak.

Het JY 'n passie?

Ronelle Boshoff

GELOWIGES VERWAG TRANSFORMASIE

Gelowiges verwag transformasie en wil die vertroue hê dat die kerk en hul leiers hulle daarmee sal help.

Ek kan onthou hoe opgewonde ek was met die eerste lees van die navorsing van Willow Creek Community Church in Chicago. Ek dink immers al lank oor transformasie, en is die afgelope dekade betrokke by groot transformasieprosesse soos die Seisoen van Luister, die ontwerp van sinodes en die fasilitering van gemeentes.

Met die twee boeke van Willow Creek, Reveal - Where are You? en Follow Me - What's next for you? het ek vir die eerste keer in my hand 'n hulpmiddel gehad wat persoonlike geestelike transformasie beskryf uit die perspektief van werklike gelowiges en nie teoloë nie.

Ek kon die boeke nie neersit nie. "Gelowiges verwag transformasie en wil die vertroue hê dat die kerk en hul leiers hulle daarmee sal help." Dié bevinding van Willow Creek, uit die ondersoek van meer as 157 000 mense uit meer as 500 kerke, het my visie op die bediening ingrypend verander.

Gelowiges WIL uitgedaag word om te groei en die volgende stap in hulle geestelike lewe te neem. Wat meer is, om hierdié bereidheid in 'n kreatiewe groeiplan te omskep, is net drie goed nodig: 1) 'n visie van wie God is en wat Hy vir ons gee, 2) 'n eerlike nie-veroordelende bewussyn van waar ek self nou is in my geestelike lewe en 3) 'n werkbare plan om die gaping te oorbrug, en geestelik te groei.

Die kanselkleed wat Karla Mülder, 'n matriek lidmaat, vir ons gemaak het om die embleem van hierdie kwartaal se tema: "Hulle het hulle heelhartig toegelê" uit te beeld

En dit neem nie 'n vuurpyl-wetenskaplike om die volgende stappe uit te werk nie. Ons as leiers in die gemeente moes gaan dink hoe die Here ons sou lei om planne vir dié behoefte en bereidheid tot groei te voorsien. En, met die insette van 'n hele aantal mense, is die konsep van die DIDAGE, 'n plek waar ons as gemeente ons HEELHARTIG kan toelê, gebore.

Soos altyd, as daar regtig 'n visie is, bly die ondersteuning nie uit nie, soos ons ook verlede jaar met die verbandprojek ervaar het! Hierdie kwartaal, vir die eerste keer in my belewenis van die bediening in die gemeente, het die Here deur 'n paar lidmate genoeg bronne voorsien om ordentlike bemarking te doen en ordentlike materiaal voor te berei, sodat ons hierdie pad van geestelike groei kon betree. Van kerkbou tot gemeentebou! Mense, dis 'n plesier!

80 mense woon nou Woensdagaande Didage by. 'n Verstommende getal. En die erns en meelewing is iets om te aanskou. Die Here is ook alreeds besig om verdere gedagtes in ons midde te lê vir Didage in die eerste kwartaal 2009. Ons gaan daarby ons eie Geestelike Groei-Ondersoek in Maart volgende jaar loods ... die geld is reeds belowe!

Dit is regtig weer soos in die eerste gemeente in Handelinge ... "Hulle het hulle HEELHARTIG toegelê ..." (2:42). En ons almal kan deel wees daarvan.

Die Here is goed ... Soli Deo Gloria!

Chris van Wyk

Klub 65

Klub 65 wil graag alle lidmate van Somerstrand wat ouer as 65 is gereeld in mekaar se teenwoordigheid bring om mekaar beter te leer ken en interessante en aangename oomblikke te deel. Ons het die afsluitingsfunksie op Vrydag, 24 Oktober by Café Ro-Anne gehou. Na twee jaar het Nellie Crause nou as voorsitter uitgetree. Ons is baie dankbaar vir die bekwame manier waarop sy die Klub op sy eerste treë gelei het. Sandra Pauw neem van volgende jaar af by haar oor. Ons weet Sandra sal ons net so knap lei. Mag Klub 65 nog sommer baie groei!
By ons afsluitingsete het die lede van Klub 65 self die volgende te sê gehad oor die klub:

Nellie sal 'n volledige verslag skryf!

Dit was altyd 'n hartlike en gesellige byeenkoms.

Dit was 'n fantastiese byeenkoms en hulle wat nog nie deel is van ons klub nie, kan gerus inskakel. Baie gesellige byeenkomste met 'n wonderlike bestuur in beheer.

Ons is almal by die Rubicon verby - vorentoe bruis die Jordaan, maar ons is nooit alleen nie.

Afsluitingsfunksie op Vrydag, 24 Oktober by Café Ro-Anne gehou

Klub 65 is so 'n aangename klub. Ongelukkig is ons net sewe mans, waar is die ander dapper manne van 65 plus?? Dit is heeltemal veilig hier - die dominee (Deon Binneman) hou gereeld 'n ogie oor ons.

Dit was / is vir my 'n wonderlike voorreg om met die pragtige groep "uitsoekmense", Klub 65-mense, die pad te stap tot nou - dit was lekker om julle te bedien en vir alles wat ons gedeel het ... rêrig 'n groot voorreg. Irma.

Baie dankie dat ek saam met julle mag wees. Dit was wonderlik!

Genade groot, onbeskryflik groot!

Somerstrand se oues van dae
het glad nie rede om te kla.
Al is hulle by die sewentig
is almal nog so lewendig
Met Nellie en Deon voor en die hele klomp agterna.

Klub 65 wens die gemeente 'n geseënde Kerstyd toe en sien uit na die nuwe jaar wat die Here vir ons gaan gee.

Deon Binneman

LECTIO DIVINA

Lectio Divina is een van die baie ou geestelike dissiplines van die kerk. Dis `n begrip wat moeilik vertaal, maar sou vertaal kan word as: Geestelike lees of luister na die Woord. In Engels "Divine reading".

Dit dateer vanuit die vroeë kerk toe daar nog baie ongeletterdes in die gemeentes was. Die praktyk het toe ontstaan dat gelowiges elke oggend vroeg na die kerk toe kon kom om saam te luister na die voorlesing van die Woord. Op dié manier het hulle hulleself voor die Woord kom stel, daarna geluister, dit gememoriseer en daarvolgens gehandel. Die teksgedeelte is gewoonlik vier keer gelees en die proses is in vier fases verdeel.

Eerste fase: Lectio - Lees van die Woord. Hier word net oorsigtelik geluister na die teks om `n geheelbeeld te kry van waaroor dit in die gedeelte gaan.
Tweede fase: Meditatio - Oordenking. Hier word gefokus op een gedagte of vers waaroor die persoon dan verder nadink. In die proses word jou lewe voor die Woord oopgestel sodat die Woord jou lewe kan vorm en met jou kan werk.
Derde fase: Oratio - antwoord op die Woord. Na `n derde lees van die Woord, is daar weer `n periode van stilte waar die persone kan reageer op die Woord wat hulle ontvang het.
Vierde fase: Contemplatio - kontemplasie. In die fase word daar net in stilte by God vertoef, sonder enige verdere versoeke of bedes. Dis net `n stille geniet-ing van God se teenwoordigheid.

Die hele benadering berus daarop dat mens na die Woord toe kom met `n luisterende, wagtende houding, nie met `n kritiese, ondersoekende houding nie. Dit verskil dus ook grootliks van Bybelstudie omdat daar nie gekom word om te ontleed, te analiseer of te probeer verstaan nie, maar om te luister. Daar word nie ondersoekende vrae aan die teks gevra nie; daar is eerder `n verwagting dat die teks vrae aan jou sal vra oor jou lewe. Daar word nie besluit wat die teks "sê" of beteken nie. Daar word gewag op die lewende Woord om jou te vorm en betekenis aan jou lewe te gee.

Deon Loots

STORIES UIT DIE BOS

Die Gemeente se Barmhartigheid (Gemeenskapsprojekte) Bediening is betrokke oral waar hulle nood identifiseer en voel die Here hulle roep om te help. So bedryf hulle die Barcelona-Voedingskema in Malabar, ondersteun die Reach-Uitreikgroep in Korsten, asook die Sydenham-Ouetehuis en is hulle soos nodig betrokke by Maranatha - Siyakathala. Hulle reik ook uit na bosslapers en haweloses. Mense word óf gehelp om terug te keer na hul families óf betrek by werkskepping waar moontlik.

In 1997 raak hulle betrokke by Frikkie* en Sannie*. Frikkie, 'n dwelmverslaafde, was lank in die tronk.

Frikkie en Sannie se huis

Sannie het gewerk as prostituut. Hulle is gehelp met materiaal om hul huis in die bos te bou en hul kinders is in 'n kinderhuis geplaas. Toe een van die dogters oud genoeg was om die skool te verlaat, het Frikkie haar saans by die Go-Go Lounge gaan aflaai en daar gewag tot vroeg in die oggend, wanneer hy haar inkomste gevat en gaan drink het.

Frikkie het 'n ou Ford Escort gehad wat hy met draad aanmekaar gehou het. Een dag het die kar gebreek. Frikkie, in 'n dronk waas, het dit net daar aan die brand gesteek.

Kort daarna is hy een oggend met 'n trollie vol "empties" op pad drankwinkel toe. Fietsryers kom verbygery en een draai terug. Hy stap na Frikkie, bid vir hom, klim terug op sy fiets en ry weg. Frikkie vertel dat hy so vyftig treë verder geloop het, die bottels weggegooi het en nooit weer gedrink of dwelms gebruik het nie.

So het Frikkie 4 jaar gelede tot bekering gekom. Hy werk tans op 'n plaas en bly op 'n perseel, waar hy as informele "opsigter" optree. Die afgelope 4 jaar het hy nog nooit weer gedrink of dwelms gebruik nie.

Vir ses jaar is daar gesukkel om vir Frikkie en Sannie uit die bos te kry en op die ou end is een fietsryer wat omdraai, die draaipunt. "It's not the number of conversions that count, but the number of conversations." Ons weet nie wanneer die Here gaan besluit om mense te verander nie, maar ons kan besluit of ons by iemand betrokke wil raak of nie.

George, 'n blinde man, is deur die ander bosslapers geforseer om hout te kap. In die proses het hy sy vingers natuurlik erg beskadig. Hy is na 'n oogspesialis geneem wat gesê het dat George se oë herstel kan word, maar dat dit baie duur sal wees. Gelukkig vind hulle uit dat sy oë gratis reggemaak kan word, maar dan moet hy in Oos-Londen kom. So word daar vir hom en sy vrou 'n buskaartjie gekoop en hulle vertrek na Oos-Londen. Drie dae later kry hulle vir George waar hy alleen op die snelweg loop - sy vrou het hom weggevat voordat die operasie gedoen kon word en

George en sy seun

verdwyn. Gevolglik kom George, steeds blind, terug PE toe.

Hierna is die gesondheidsdepartement gekontak, wat spesiaal 'n ambulans gestuur het om George te kom haal en na Oos-Londen te neem. Ongelukkig stuur hulle vir George na drie dae terug met die boodskap dat hulle sy oë kan

regmaak, maar weens moontlike komplikasies dit nie gaan doen nie. Die omstandighede waarin George in die bos woon, is blykbaar té onhigiënies. Hy mag 'n infeksie kry en waarskynlik nie oorleef nie.

Daar word toe namens George aansoek gedoen vir pensioen. Vir twee jaar lank het ons lidmate elke maand die pensioen gaan haal en vir hom geneem. Een dag, tien minute nadat ons lidmate weg is by George, word hy vermoor vir die geld. Sy seun, Parore, kap vandag ook hout en is selfversorgend.

Toe ons lidmate aanvanklik by die bosslapers betrokke geraak het, het hulle die eerste dag 'n seun van ongeveer 12 jaar onder 'n seiltjie sien sit. 'n Mens kon net oë en knieë sien. Die seun, Ben*, het geweier om onder sy seiltjie uit te kom en het eers met die vierde of vyfde besoek begin gesels.

Ben het alleen tussen die ander mense in die bos gebly. Toe hy ongeveer 7 was, het sy pa gesteel en moes hy teen sy pa getuig. Dié het hom toe vol petrol gegooi, aan die brand gesteek en uit die huis gejaag. So land Ben op straat. Sy ma, Maria*, het van sy pa geskei en by 'n ander man gewoon. Ben wou egter net by sy ma wees en was baie jaloers op haar vriend. Gevolglik het hy dié besteel en dwelms gekoop met die geld. Maria se vriend plaas daarom vir Ben in 'n verbeterskool. Daar stig hy brand en loop weg.

Intussen trek Maria PE toe. Ben trek agterna, maar gaan bly in die bos. Maria weet nie dat hy hier is nie, want hy durf nie na haar toe gaan nie. Hy weet egter waar sy is en gaan kyk saans na haar huis.

Ben is eers deur lidmate van die gemeente in hul huis geneem, waar hy 'n tydjie lank gewoon het. Daarna is hy weer met sy ma verenig. Ben is vandag 24, bly by Sondagsrivier en werk by sy vriendin se familiebesigheid.

Daar is intussen met 'n houtkapbesigheid begin, onder leiding van Danie, Eric en Parore. Om 'n besigheid te bedryf, moet 'n man egter skoon wees. Gevolglik besoek van ons lidmate The Willows en vra of die jong manne by Willows se derde hek kan stort. Daar gesels hulle met Herman Nel, 'n lidmaat van Walmer, wat onmiddellik ja sê. Hulle moet net 'n toegangskaartjie maak met elkeen se foto op.

Danie en Ulrich by hul hout

Die maak van die kaartjies is egter nie so eenvoudig nie. Tydens 'n opvolgbesoek kom daar 'n vrou ingestap - niemand anders as Maria, Ben se ma, nie! Sy werk by Willows se derde hek en sê sy sal na die jong manne omsien. Gevolglik is die manne darem nou skoon, hulle besigheid vorder goed en hulle woon ook gereeld ons eredienste by!

Eerste hout vir aflewering by Spar

Daar is natuurlik nog vele stories om te vertel - nie net van die bosslapers nie, maar van die sopkombuis, Shepherd's Field en vele meer! Die nood is egter groot en daar is altyd nog hulp nodig - mense wat bereid is om betrokke te raak by die behoeftes in ons gemeente. As die Here hierdie saak op jou hart lê, gee gerus jou naam in by die Kerkkantoor - enige hulp is kosbaar!

*Name verander om privaatheid te beskerm.

Rethie van Niekerk

KLEMA FOKUS OP CHRISTEN WEES IN SUID AFRIKA

Klema het gedurende die derde kwartaal hard met die werklikheid kennis gemaak in die preekreeks wat gehandel het oor Christen wees in Suid Afrika. Met temas soos armoede, vigs, rassisme en kapitalisme, was ons eredienste skielik nie meer so lekker en gemaklik nie. Ons is gekonfronteer met 'n realiteit waarvan ons juis by die kerk wil ontsnap! Behalwe Deon en Rethie was ons ook bevoorreg om Prof. Piet Naudé en Ds. Wikus van der Walt, van Calvary-gemeente in Malabar, as sprekers tydens die reeks te hê.

Ons sien egter hoe God deur hierdie ongemaklike temas met ons lede afsonderlik en Klema as liggaam gespreek het. Daar is 'n hernude bewustheid van ons roeping en God se hart vir die noodlydende, die arme en die verontregte. Ons bid dat hierdie verandering in perspektief soos suurdeeg deur die hele liggaam sal beweeg en dat dit in dade omgesit sal word wat tot seën van ander sal wees.

Mina Moe-speelskool
As deel van die tema van Christen wees in Suid-Afrika het ons al die kleingroepe in Klema saamgespan en op die Mina Moe-speelskool in Barcelona toegesak. Die erf is skoongemaak, die huis is geverf, 'n groentetuin is aangelê en 'n wasgoeddraad is opgesit. Hier is ons ook direk gekonfronteer met die armoede wat so naby, maar tog ook so vêr, van ons af is.

Leiersretraite
By ons jaarlikse leiersretraite het Klema se leiers stilgeword en nagedink oor die jaar wat verby is. Die terugvoer was dat ons meer daarin slaag om by mekaar betrokke te wees as wat ons daarin slaag om by die wêreld betrokke te raak.

Die Skrifgedeeltes wat God met die retraite op ons hart gelê het was Jes 42:5-9, wat sê dat God wil hê dat sy volk `n lig vir die nasies sal wees en daartoe sal meewerk dat gevangenes uit die tronk en die duisternis bevry sal word en Lukas 4:16-19, waar Jesus sê dat Hy gekom het; "om die evangelie aan die armes te verkondig; om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur en die genadejaar van die Here aan te kondig."

Die vrae wat dus baie ernstig na vore kom is: Hoe sal `n gemeente lyk wat hierdie roeping werklik ernstig opneem? Kan so `n gemeente rustig in `n gegoede woonbuurt bly en werk en mense maar net geestelik versorg, sonder dat hulle regtig in aanraking kom met die nood daar buite? Ons ervaar dus dat God nou al oor `n tyd besig is om met ons hieroor te praat en dat Hy besig is om iets nuuts in ons midde en met ons te doen. Dit was ook die een ding wat die naweek na vore gekom het, nl. dat God besig is om iets nuuts te doen, maar dat ons nog nie seker is wat dit inhou nie. Daar is dus by ons `n ernstige verlange dat God vir ons baie duidelik sal wys wat op sy hart vir Klema is. Dit beteken nie dat ons angstig is hieroor nie, maar net dat dit vir ons belangrik is om nie met iets anders besig te wees as dit wat God regtig op sy hart vir ons het nie.

Kinders by dosyne!!!
Drie nuwe Klema-lede oor een naweek, een wat intussen gebore is en nog drie op pad - Klema is in die midde van 'n baby boom! Klema beweeg dus in 'n nuwe veld om veral ouers te ondersteun en toe te rus om hulle kinders so groot te maak dat hulle eendag getroue volgelinge van Jesus sal wees. Die "Raising kids God's way" kursus word vir ouers aangebied en ons het ook een keer per kwartaal 'n gesinsbediening waar die kinders saam kuier en relevante onderwerpe met ouers bespreek word. 'n Verdere toevoeging tot ons aanddienste is 'n gesinskamer in die konsistorie. 'n Kids Club word ook beplan.

Superkamp
Met 'n superhero-tema het die Klema-studente na Jeffreysbaai opgetrek vir hul jaarlikse kamp. 'n Naweek gevul met dans, touchies, volleyball, kuier, speletjies en net lekker ontspan. Dit was een vir die rekordboeke.

Wimke Jurgens

klema
luister. groei. dien.

"COUNTER-CHAUVINISME IN DIE LIG VAN DIE KRUIS EN OPSTANDING"

(Dr. Stephan van der Watt het hierdie kwartaal oor bg. onderwerp by die gemeente kom gesels. Stephan is 'n predikant by die NGK Aliwal-Noord en het 'n doktorsgraad oor die uitdagings van Christen man-wees vandag.)

Hoe dink jy oor jouself as vrou of man? Besef jy dat jou gedagtes oor jouself sterk ingekleur word deur die kultuur rondom jou se stereotipes? Stereotipes soos bv. seuntjies mag nie huil nie, hulle moet leer om "mans genoeg" te word. Die kultuur skryf voor: dogtertjies moet pienk dra en tog net nie te hard lag nie. Wanneer ons braai hoort die mans rondom die vure en gesels oor die rugby, motors en die politiek en die vroue hoort in die huis, besig om slaai te maak en te gesels oor modes, die gewig wat ons opgetel/verloor het en babas.

Dink verder ook aan die meeste advertensies op die TV en in tydskrifte/koerante, wat verkondig dat vroue se liggame daar is sodat mans hulle daarin kan verlustig. Geen wonder die afgryslike statistieke van geweld in huishoudings, verkragting ens. neem toe nie!

Maar hoe interpreteer ons die heersende kultuur as Christene en hoe leef ons die kontra-kultuur? Ons verstaan van onsself as Christen-vroue en-mans word tog nie alleenlik deur ons onmiddellike leefwêreld (kultuur) gevorm nie, maar ook deur ons verstaan van die Bybel.

In die Bybel lees ons dat ons as mense gesag kry om diens te lewer, nie gesag om diens te eis nie. Die beste voorbeeld vir ons is Jesus Christus self. Jesus wou nie 'n opstandsbeweging begin om die Joodse mannekultuur van sy tyd omver te werp nie. Tog het Hy die geykte wettisisme van sy tyd uitdruklik verwerp, bv. in Johannes 4 praat hy met 'n Samaritaanse vrou. Die Bybel verhef nêrens die manlikheid van Jesus tot die reël nie, maar eerder sy menslikheid - wat ons as vroue en mans almal deel. God het nie (in die eerste plek) "man geword" nie, God het "mens geword". Tog is dit wonderlik dat hy juis as man gekom het, want as hy as vrou gekom het, sou hy nooit sy mag kon prysgee (Fil. 2) nie, want vroue het geen mag gehad om weg te gee nie!

Vroue se ervaringe met Jesus in die Evangelies het deur baie ou grense gebreek. Jesus was vir baie vroue 'n vriend, iemand wat hulle lewens gedeel het, naby hulle geleef het met warmte, deernis en begrip, en wat veral vir hulle menswaardigheid teruggegee het in gemeenskappe waar dit van hulle gesteel is. Jesus beliggaam God se Koninkryk, waar liefde en geregtigheid heers.

Wat van my lewe? Hoe volg ek vir Jesus hierin na? Op grond van die kruis en die opstanding van Jesus verkry my menswees 'n nuwe kwaliteit (2 Kor 5:17) - wat o.a. gerig behoort te wees op die bevordering van menswaardigheid deur middel van deernis.

Deur die kruis van Christus sien ons God se finale almag die duidelikste in sy weerlose identifikasie met mense, in troue liefde. God se mag is nie 'n geweldadige spierbultery nie, maar 'n glashelder verbondsbelofte: "Ek sal jou God wees" (Gen 12). In 2 Kor. 4 lees ons van die dwaasheid van die kruis en vind ons 'n nuwe verstaan van God se weerlose mag, wat my nuut moet laat kyk na my manwees / vrouwees.
Deur die opstanding van Jesus sien ons God se kragtige transformasie wat die dood deurbreek tot ware lewe. Die opstanding maak die oorweldigende en oorwinnende krag van 'n lewende en troue God bekend, en dit maak my saam met God opstandig teen alle vorme van dood, verwerping en vernietiging. Die opstanding bewerkstellig en bevestig die moed om (net) te wees, sonder die angs om te presteer.

Stephan van der Watt

Die manne-ontbyt waar Stephan van der Watt gasspreker was.

PAPPA, OUPA, OUPS, OEPS.

"As beeld van God het Hy hulle geskep, man en vrou het Hy hulle geskep. Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: 'Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit.'" Gen 1 v 27-28. Dit is die skeppingsopdrag van God aan die mens.

Naas die oorlewingsdrang is die seksdrang die sterkste. Die mens moet kinders hê ten einde te verseker dat die skeppingsopdrag uitgevoer word. Daarom is om Pa en Ma te word waarskynlik die normaalste ding om met die meeste mense te gebeur. Kinders hê is iets wat gedoen moet word om die voortbestaan van die mens op aarde te verseker.

As jong man en vrou was die belewing van die voorgeboortelike groei van 'n kind 'n ongelooflike wonder. "Vlees van ons vlees en bloed van ons bloed." Die eerste beweging, 'n belewing van lewe, maak die man tasbaar deel van die groeiproses. 'n Aangrypende belewenis. Ek gaan regtig Pa word. Die aanskouing van die geboorte van 'n kind is onbeskryflik. Die wonder van die volmaaktheid van God se skepping. Maar dan begin die verantwoordelikheid van ouerskap. Onvoorwaardelike liefde om vir hierdie kind die beste moontlik te gee sodat hy weer op sy beurt kan voldoen aan die skeppingsopdrag.

Dit is deur hierdie proses van kinders grootmaak wat ons die werklikheid van die lewe leer ken. Onbegrensde vreugde en ondeurgrondelike pyn. Dog onwillekeurig plaas ons onsself in die middelpunt daarvan. Voorop staan ons persoonlike bydrae. Die totale toewyding van energie en tyd om 'n omgewing vir ongestoorde groei en ontwikkeling vir ons kinders daar te stel.

Uiteindelik is die taak afgehandel. Die kinders is groot en uit die huis. Wat nou, is dit die einde? OEPS. Ja, jy het beslis jou rol in die skeppingsopdrag volvoer. Wat nou volg is nog meer genade. Wat nou voorlê het "jy" geen beheer oor nie. Die siklus van geboorte, groei en sterf gaan ongestoord voort en jy is aan die doodloopkant. Oeps.

Dis 'n gewone oggend. Die son het opgekom en die dag het sy loop begin loop. My dogter kom soos gewoon by die werk aan. Soos gewoonlik groet ons met 'n soentjie en 'n drukkie en verneem na mekaar se welstand. En toe kom dit: "GELUK OUPA." Ek verstyf met my arms nog steeds om haar.
"Sê weer?" kom dit met verbasing. "PAPPA gaan OUPA word." OEPS. Regtig. "Geluk my kind" en ek hou haar nog 'n bietjie stywer vas.

OUPA, 'n totale nuwe konsep in my lewe. Die effek van "Geluk Oupa" was stadigaan besig om tot my deur te dring. Ek, nie iemand anders nie, gaan OUPA word. 'n Vreugdevolle beklemming maak homself in my gemoed tuis. Die wonderlike vreugde om saam met my kind weer deur die afwagting na die geboorte te gaan, MAAR ook die onwrikbare feit dat ek besig is om oud te word. Ek bekyk myself meer krities in die spieël en die bytelmerke van die tyd lê duidelik herkenbaar op my gesig. Ek maak daarmee vrede want die vooruitsig van 'n kleinkind oorweldig alles. Hier is 'n nuwe lewe oppad en ek gaan deel wees daarvan. Ek gaan die wonder van die geboorte van die kroon van Gods se skepping weer aan my "lyf" beleef. Die "OU" van oupa sal eers moet wag.

Dag na dag beleef ek die gemoedskommelinge van my kind. Dag na dag beleef ek die vervorming van haar jong liggaam. Die sonars van die moderne tyd bring die voorkennis van 'n meisiekind. Ek beleef die lewens-skoppe van 'n groeiende baba. Ek beleef die onrustigheid van my kind as die geboortedatum naderskuif. Ek beleef die totale afhanklikheid van God se genade in hierdie proses waarvan ek so intens deel geraak het, maar geen beheer oor het nie.

Dis 25 Februarie en ek word OUPA. OEPS. Dit was nie 'n glips nie, want in my arms hou ek 'n klein meisiekindjie vas. "Bloed van my bloed, vlees van my vlees." Ek het nog 'n onverdiende titel bygekry. Waarskynlik die grootste geskenk wat enige mens kan ontvang. 'n Genadegawe, 'n voorreg, maar ook 'n groot verantwoordelikheid.

Met die euforie van die geboorte agter die rug kruip talle vrae in my gemoed. My meisiekind is so "jonk", sal sy weet wat om te doen? Die pad van die lewe wat 'n oupa geloop het, het aan hom kennis gegee wat die jong ma nie het nie. Dit het hom laat sien wat alles verkeerd kan gaan in die proses van kinders grootmaak. Skielik besef ek weer my eie onvermoë met titel en al om hulle teen alles te beskerm. Ek kan hulle slegs opdra aan die Skepper van die mens vir Sy sorg. Ek moet net doen wat 'n Oupa moet doen, hulle lief hê.

En so begin die pad van groei. Ek beleef weer die groter-wordende lyfie. Die soekende ogies, die tastende handjies en

skoppende beentjies. Ek beleef ook die spanning in my kind wanneer dinge druk begin gaan as die kleinding olik raak. Maar ek sien en beleef ook 'n ongelooflike en onvoorwaardelike liefde van 'n ma - "my kind" - teenoor haar kind - "my kleinkind" - en ek besef hoe bevoorreg ek is. Genade, onbeskryflik groot.

Ek beleef die wonderlike proses van bewegings- en spraakontwikkeling. Die herkenning van geliefdes en die uitstraal van liefde. Ek beleef die voorreg van die eerste tree en wankelende wandelings aan 'n ondersteunende hand. Ek beleef die voorreg van afbuig na 'n weerlose mensie en onwetend land ek ook weer op my knieë voor my eie Skepper voor wie ek ook so weerloos staan.

En dan, maande later gebeur dit: ek word werklik die eienaar van my nuwe titel. Uit die mondjie van die een wat so 'n omwenteling in my lewe veroorsaak het, kom die woord "OUPA." Hierdie klein bondel vreugde het aan my 'n titel toegesê wat alle ander titels oortref. Skielik wonder ek hoekom ek my oor die "OU" van oupa bekommer het. My Skepper het in sy groot genade besluit dat ek hierdie titel mag dra, en al wat ek kan vra is krag en wysheid om Sy wil ook as OUPA uit te voer.

Dankie namens al die Oupas aan my/ ons kind/ ers dat ek/ons Pappa, Oups en Oupa in die lewe van my/ ons kleinkind/ ers kon word.

Vrede en vreugde vir jou my kind

Liefde
OUPA.

TOT WEERSIENS

Gedurende die afgelope jaar het ons by twee geleenthede, terwyl ons in die buiteland by ons kinders gekuier het, nuus ontvang van die afsterwe van geliefde vriende met wie ons `n besondere verhouding gehad het.

Op 14 Desember 2007 is Marius en Yvonne Swart tragies in `n motorongeluk naby Amersfoort, Yvonne se geboorteplek, oorlede. Om tweeuur die oggend het ons die boodskap in Perth ontvang. Verslae en sonder werklike begrip het ons drie weke later huis toe gekom… ons bure se huis stil en donker aangetref. Tevergeefs die voordeurklokkie gelui!

Die laaste keer toe ons gegroet het, was toe hulle oudergewoonte voor ons deur stilgehou het, motor gepak vir die lang pad wat voorlê! Met die tuiskoms na elke reis wat ons of hulle onderneem het, sou ons dan oor `n koppie koffie in fyn besonderhede ons wedervaringe aan mekaar meedeel! Nou is die huis stil! Die realiteit dring nie deur nie… dit was so asof hulle enige dag nog sou terugkeer. Maar nie hierdie keer nie!

Ons hou nabetragting oor die tye wat ons saam beleef het... die dinge wat ons saam gedoen het... die genade om mekaar in die jare na aftrede soveel beter te kon leer ken! Ons is dankbaar vir herinneringe wat sal voortleef! En ons loof die Here vir `n beter begrip van die hiernamaals!

Dankie aan Marius, Lizette, Susan-Karin, Elsje en Jana, dat ons `n stukkie van julle ouers se nagedagtenis ook in ons harte kan wegbêre. Die huis is leeg! Die boek is toegemaak, maar nie vir altyd nie!

Op 9 Julie 2008 is Marilie Pienaar oorlede. Hierdie keer was ons in Kalifornië! Hoe verwerk `n mens die emosie van dankbaarheid dat sy uiteindelik vry kan rondhardloop, maar ook van onbeskryflike seer… sy was so deel van my lewe na twintig jaar se betrokkenheid by haar! Na elke besoek het ek, soms worstelend met God, ervaar dat sy soveel van God ontvang het dat sy mildelik daarvan aan ons kon uitdeel. Niemand wat haar pad gekruis het het onaangeraak verder gegaan nie!

Miskien het Karla, my agtjarige kleindogtertjie, `n beter begrip van die hiernamaals as so baie van ons wat eindeloos daaroor redeneer. Toe sy sien hoe hartseer ek was, het sy stil verdwyn, `n kaartjie met `n engel daarop vir my gaan teken en daarop geskrywe: "Please, don`t be sad. Marilie is in heaven now, WALKING with God." Die aand toe ek en sy stiltetyd hou, het sy die gesprek verder gevoer: "You know Ouma, maybe Marilie was like a scroll sent by God to teach us to be kind and thankful." En toe sy net daarna haar aandgebedjie sê, was dit kort en kragtig: "Please God, say hi to Marilie for me!"

En ons juig almal, want: "Marilie IS walking with God." Dankie Sakkie en Anne-Marie dat julle haar met ons gedeel het!

Vinie Furstenberg

EGIPTE-BESOEK

Deon Loots het weer op Donderdag die 23ste Oktober na Egipte vertrek om vir `n week lank daar `n klompie sessies oor dissipelskap te gaan aanbied. Dit is `n jaarlikse geleentheid wat deur Youth with a Mission (YWAM) gereël word. In geheel bestaan dit uit toerusting vir jongmense om hulle getuienistaak in die wêreld effektief te kan uitleef. Die totale program strek oor 5 maande en word genoem Discipleship Training School (DTS). In die program word daar van week tot week gebruik gemaak van verskillende sprekers. Deon is drie jaar gelede vir die eerste keer genooi om `n reeks praatjies oor dissipelskap aan te bied. Die groep het die materiaal wat hy aangebied het baie positief en prakties beleef. By die geleentheid het die leier van die groep toe gevra of Deon nie gewillig sal wees om jaarliks te kom daarvoor nie.

Die gevolg was dat Klema se leierskap besluit het om dit deel te maak van hulle deurlopende sendingbetrokkenheid. Klema stuur hom dus van jaar tot jaar om in Egipte te gaan bedien vir `n week lank.

Deon Loots

NEDERLAND-BESOEK

"Stichting 'Zebra' Uitwisseling predikanten Zuid-Afrika en Nederland" is 'n organisasie wat skakeling tussen leraars in Suid-Afrika en Nederland reël. Vanjaar is die eerste keer dat van Suid-Afrika se predikante Nederland besoek het. Vyf leraars uit die NGK en VGK is genooi om aan hierdie uitruiling deel te neem, o.a. ook Rethie.

Gevolglik het sy op 31 Oktober vertrek vir 'n besoek van twee weke aan Nederland. Die eerste week was sy by Ds Tineke Don en die Protestantse Gemeente Medemblik, 40 km noord van Amsterdam. Die tweede week het sy saam met die ander Suid-Afrikaners en 'n groep Nederlandse predikante 'n kursus in Fasiliterende Leierskap bygewoon by Hydepark in Amsterdam.

Rethie van Niekerk

VSA-BESOEK

Partnering to Prevail - 1-5 Desember

Twee besoeke, twee boeke, en my lewe sal nooit weer dieselfde wees nie! Ek praat van die twee besoeke aan Willow Creek Community Church in Chicago se Leadership Summit en die lees van twee van hulle boeke oor geestelike groeinavorsing. Nie net was dit die eerste stimulus vir ons vierde kwartaalreeks en die Didage Woensdae nie, maar ek is nou ook uitgenooi vir 'n in-diepte blootstelling aan Willow Creek se bediening in Desember.

Elke jaar word hierdie Partnering to Prevail-konferensie gehou. Dit is 'n uitsoekgeleentheid om met die leiers van Willow te gesels oor alle aspekte van die bediening, ook hulle Woensdag-byeenkomste. En die netwerkgeleentheid met 10 ander pastors van Suid-Afrika en 75 ander internasionale pastors gaan besonders wees. Waarna ek veral uitsien is om 'n dag te spandeer met Greg Hawkins, die drywer van die geestelike groei navorsing, waarby meer as 157 000 mense en 500 kerke al ingeskakel het. En dan is daar nog sessies oor bestuur, konflikresolusie, gemeenskapsbetrokkenheid, kommunikasie, die kunste en nog meer. Ek kan nie wag nie ...!

Chris van Wyk

Posadres: Posbus 32050, Somerstrand 6019
Straatadres: Louis Bothasingel 77
Kantoorure: Maandag tot Vrydag 09:00-13:00 & 14:00-16:30
Bankbesonderhede
ABSA PE reknr. 01008731388 (Tjekrek.)
Epos: ngksomer@global.co.za
Tel: 041-5835115
Faks: 041-5831788
Webtuiste: www.ngkerksomerstrand.co.za